



NORTH-WEST UNIVERSITY[®]
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Dit begin alles hier[®]

PROFIEL

2015/2016

► die groter prentjie

Suid-Afrikaanse HOËRONDERWYS- LANDSKAP

26

openbare hoërondewys-
instellings in SA

6

omvattende
universiteite

14

konvensionele
universiteite

6

universiteite van
tegnologie

Noordwes-Universiteit (NWU) –
een van die konvensionele
universiteite in SA

Universiteite Suid-Afrika –
beheerliggaam vir SA se
hoërondewysinstellings

inhoud



2	die gees van die Noordwes-Universiteit
3	ons universiteit
8	ons personeel
10	ons bestuurspanne
14	ons akademiese programme
20	ons studente
27	ons navorsing
32	ons innovasie
32	ons gemeenskapsbetrokkenheid
34	ons finansies
35	yunibesiti ya rona

die gees van die Noordwes-Universiteit

Die gees van die universiteit word weerspieël in die manier waarop ons die toekoms vir mense ontsluit en hulle in staat stel om hul drome waar te maak.

Hierdie gees loop dwarsdeur al ons aktiwiteite en werksaamhede, van ons akademiese programme en die navorsing wat ons doen tot ons studentekorps, gemeenskapsbetrokkenheid en sportprestasies. Die "sleutels" wat ons gebruik om die toekoms vir ons belanghebbers te ontsluit, sluit die volgende in:

- ▶ Ons uitsonderlike programme (p15)
- ▶ Ons entrepreneuriese leer (p16)
- ▶ Ons topnavorsingsentiteite (p27)
- ▶ Ons fokus op internasionalisering (p30)
- ▶ Ons uitnemendheid op sportgebied (p25)

ons logo

Die skakels wat ineensluit simboliseer die eenheid van die saamgesmelte universiteit en die drie kleure verteenwoordig ons drie lewenskrachtige kampusse.



NORTH-WEST UNIVERSITY[®]
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

ons slagspreuk

- ▶ Dit begin alles hier
- ▶ It all starts here
- ▶ Gotlhe go simologa fano

ons universiteit

'n nuwe instelling

Die NWU het amptelik op 1 Januarie 2004 tot stand gekom, as deel van die transformasie van die hoërondewyslandskap.

Die instellings wat saamgesmelt het om die NWU tot stand te bring:

Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys




Universiteit van
Noordwes



Die personeel en studente van
die Sebokengkampus van die
Vista Universiteit is ook by die
nuwe instelling ingelyf.

'n tweevlakstruktuur



ons kampusse

Die Institusionele
Kantoor (hoofkantoor)
is in Potchefstroom,
naby die Potchef-
stroomkampus, geleë.



Mafikengkampus
Noordwesprovinsie



Vaaldriehoekkampus
Gautengprovinsie



Potchefstroomkampus
Noordwesprovinsie



Elke kampus het sy eie unieke kenmerke.

► Mafikengkampus

Die Mafikengkampus is in die hoofstad van die Noordwesprovinsie geleë en het 'n internasionale atmosfeer, met 476 internasionale studente uit 32 verskillende lande wat in 2015 daar ingeskryf is.

Dit is die tweede grootste van die NWU se drie kampusse, met 10 912 ingeskrewe studente in 2015, waarvan 690 vir afstandsprogramme ingeskryf is.

Die kampus se fisiese ligging het 'n buitestedelike profiel wat homself tot 'n landelike ontwikkelingsfokus leen ten opsigte van akademiese programme.

► Potchefstroomkampus

Die Potchefstroomkampus is die grootste NWU-kampus, met ongeveer 55 551 ingeskrewe studente in 2015, waarvan 34 050 vir afstandsprogramme ingeskryf is.

Hoewel die meeste voltydse voorgraadse klasse in Afrikaans aangebied word, maak die kampus ook vir ander taalvoorkeure voorsiening. Sekere nisprogramme word byvoorbeeld deur middel van opvoedkundige tolkdienste in Engels aangebied.

Die Potchefstroomkampus is verantwoordelik vir die meeste van die NWU se navorsingsuitsette en Nasionale Navorsingstigting-gegradeerde navorsers.

► Vaaldriehoekkampus

Die Vaaldriehoekkampus, geleë op die oewer van die Vaalrivier in 'n geproklameerde natuurreservaat, spog met 'n diverse studentebevolking in 'n unieke omgewing. 'n Verskeidenheid wildspesies loop op die kampusgronde rond.

Die kampus, wat in 2015 altesaam 7 368 geregistreerde studente gehad het, fokus daarop om by te dra tot die vaardighede en kennis van die Gautengstreek, en tree op as katalisator vir ekonomiese groei.

fakulteite: Mafikeng

Hierdie kampus het vyf akademiese fakulteite met altesaam 16 skole en verskeie sentrums.

1. Landbou, Wetenskap en Tegnologie

- ▶ Skool vir Landbouwetenskappe
- ▶ Skool vir Omgewings- en Gesondheidswetenskappe
- ▶ Skool vir Wiskundige en Fisiese Wetenskappe
- ▶ FLWT Navorsing en Nagraadse Studies
- ▶ Sentrum vir Toegepaste Stralingswetenskap en -tegnologie

2. Handel en Administrasie

- ▶ Nagraadse Skool vir Sake- en Regeringsleierskap
- ▶ Skool vir Bestuurswetenskappe
- ▶ Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe
- ▶ Skool vir Ekonomiese en Besluitnemingswetenskappe
- ▶ Sentrum vir Besigheid en Bestuursontwikkeling

3. Onderwys en Opleiding

- ▶ Skool vir Onderwysersopleiding
- ▶ Skool vir Onderwysleierskapsontwikkeling
- ▶ Sentrum vir Onderwyserontwikkeling

fakulteite: Vaaldriehoek

Hierdie kampus het twee fakulteite met sewe akademiese skole, 'n aantal sentrums en 'n instituut.

1. Geesteswetenskappe

- ▶ Skool vir Gedragwetenskappe
- ▶ Skool vir Tale
- ▶ Skool vir Basiese Wetenskappe
- ▶ Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe
- ▶ Suid-Afrikaanse Watergeskiedenis Argiefbewaarplek (SAWGAB)
- ▶ Sentrum vir Vertaling en Professionele Taaldienste (CTrans)

2. Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie

- ▶ Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe
- ▶ Skool vir Inligtingstegnologie
- ▶ Skool vir Ekonomiese Wetenskappe
- ▶ Sentrum vir Toegepaste Risikobestuur (ETRB)
- ▶ Ondernemingsontwikkelingsentrum (bHive-OOS)
- ▶ Instituut vir Ernstige Speletjies – Suid-Afrika (SGI-SA)
- ▶ Vaal App Factory

Kantoor van die Rektor

- ▶ Sentrum vir Voortgesette Professionele Ontwikkeling (SVPO)

4. Geestes- en Sosiale Wetenskappe

- ▶ Skool vir Menswetenskappe
- ▶ Skool vir Sosiale Wetenskappe
- ▶ Skool vir Navorsing en Nagraadse Studies
- ▶ Ipelegeng-sentrum

5. Regte

- ▶ Skool vir Voorgraadse Studies
- ▶ Skool vir Nagraadse Studies
- ▶ Sentrum vir Gemeenskapsreg




fakulteite: Potchefstroom

Hierdie kampus het agt fakulteite met meer as 40 skole en sentrums, insluitende:

1. Lettere en Wysbegeerte

- ▶ Skool vir Tale



- ▶ Skool vir Sosiale en Owerheidstudies
- ▶ Skool vir Musiek en Konservatorium
- ▶ Skool vir Kommunikasiestudies
- ▶ Skool vir Filosofie
- ▶ Sentrum vir Kreatiwiteitsopleiding
- ▶ Sentrum vir Akademiese en Professionele Taalpraktyk
- ▶ Sentrum vir Korporatiewe Bestuur
- ▶ Afrikasentrum vir Rampstudies
- ▶ Sentrum vir Korporatiewe Maatskaplike Verantwoordelikheid
- ▶ Sentrum vir Tekstegnologie (CTexT®)

2. Natuurwetenskappe

- ▶ Skool vir Fisiese en Chemiese Wetenskappe
- ▶ Skool vir Biologiese Wetenskappe
- ▶ Skool vir Geo- en Ruimtelike Wetenskappe
- ▶ Skool vir Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe
- ▶ Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika
- ▶ Sentrum vir Omgewingsbestuur
- ▶ Sentrum vir Menslike Metabonmika
- ▶ Sentrum vir Waterwetenskappe en -bestuur

3. Teologie

- ▶ Skool vir Antieke Taal- en Teksstudie
- ▶ Skool vir Predikantsopleiding
- ▶ Skool vir Bybelse Berading en Kerklike Bediening

4. Opvoedingswetenskappe

- ▶ Skool vir Geesteswetenskappe vir Onderwys
- ▶ Skool vir Opvoedkundestudies
- ▶ Skool vir Natuurwetenskappe en Tegnologie vir Onderwys

5. Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

- ▶ Potchefstroom Besigheidskool
- ▶ Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe
- ▶ Skool vir Ekonomie
- ▶ Skool vir Ondernemingsbestuur
- ▶ Skool vir Mensehulpbronwetenskappe

6. Regte

- ▶ Sentrum vir Gemeenskapsreg en -ontwikkeling
- ▶ Fakulteit Regte

7. Ingenieurswese

- ▶ Skool vir Chemiese en Mineraalingenieurswese
- ▶ Skool vir Elektriese, Elektroniese en Rekenaaringenieurswese
- ▶ Skool vir Meganiese en Kerningenieurswese

8. Gesondheidswetenskappe


- ▶ Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap
- ▶ Skool vir Farmasie
- ▶ Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe
- ▶ Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe
- ▶ Skool vir Verpleegkunde
- ▶ Sentrum vir Kinder-, Jeug- en Gesinstudies

Eenheid vir oop afstandsl eer


ons personeel

ras- en geslagsamestelling van die NWU-personeel in 2015

vroulik




manlik




* Syfers vir 2015 is nie
finaal nie


bemagtigingstatus




Swart uitvoerende direkteure



Vroulike uitvoerende direkteure



Swart personeel (% van totale personeel)




Vroulike personeel (% van totale personeel)

ons personeel skitter

Ons akademi blink uit in hul onderskeie vakgebiede, wen toekennings en deel hul kundigheid in Suid-Afrika en in die buiteland.

Hierdie is slegs enkele van die vele toekennings wat hulle ontvang het:



ons bestuurspanne



Prof Dan Kgwadi
Visekanselier



Prof Frikkie van Niekerk
Adjunkvisekanselier: Navorsing,
Innovasie en Tegnologie

Hoof uitvoerende en rekenpligtige beampte, wat aan die NWU-Raad verantwoording moet doen vir die universiteit se algehele prestasie.



Prof Martin Oosthuizen
Adjunkvisekanselier:
Onderrig-leer



Prof Mashudu Davhana-Maselesele
Rektor: Mafikengkampus



Prof Herman van Schalkwyk
NWU Adjunkhoof en Rektor:
Potchefstroomkampus



Vakant
Rektor: Vaaldriehoek kampus

Kampusrektore is die uitvoerende hoofde van die onderskeie kampusse en is verantwoordelik vir die strategiese, funksionele en bedryfsbestuur van elke kampus.



Prof Marlene Verhoef
Institusionele Registrateur

Behalwe die institusionele registrateur is daar drie uitvoerende direkteure:



Me Elmarie de Beer
Uitvoerende Direkteur:
Finansies en Fasiliteite



Mnr Victor Mothobi
Uitvoerende Direkteur:
Mensekapitaal



Me Phumzile Mmope
Uitvoerende Direkteur:
Institusionele Bevordering

bestuurspan: Mafikengkampus



Prof Mashudu Davhana-Maselesele
Rektor



Prof Lumkile Lalendle
Viserektor: Onderrig-leer en Kwaliteitsversekering



Prof Eno Ebenso
Waarnemende Viserektor: Navorsing en beplanning



Prof Helen Drummond
Waarnemende Uitvoerende Dekaan: Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie



Prof Sonia Swanepoel
Uitvoerende Dekaan: Fakulteit Handel en Administrasie



Prof Dawid Gericke
Uitvoerende Dekaan: Fakulteit Onderwys en Opleiding



Dr Marilyn Setlalentoa
Uitvoerende Dekaan: Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe



Prof Melvin Mbaol
Uitvoerende Dekaan: Fakulteit Regte



Mnr Frank Nkoana
Kampusregistrateur



Mnr Etienne Mostert
Direkteur: Finansies



Mnr Koos Degenaar
Direkteur: Bemaking en Kommunikasie



Mnr Lester Mpolokeng
Uitvoerende Bestuurder: Kantoor van die Rektor



Dr Karabo Mabe
Studentedekaan

bestuurspan: potchefstroomkampus



Prof Herman van
Schalkwyk
Rektor



Prof Rantoa Letšosa
Viserektor:
Onderrig-leer



Prof Fika Janse
van Rensburg
Waarnemende Viserektor:
Navorsing en Beplanning



Mnr Frans du Preez
Kampusregistrateur



Mnr Bobo van der
Westhuizen
Hoofdirekteur:
Finansies en Fasiliteite



Mnr Theo Cloete
Direkteur: Bemaking
en Kommunikasie



Prof Manie Spamer
Uitvoerende Direkteur:
Eenheid vir Oop
Afstandsl eer



Prof Rikus Fick
Dekaan:
Studentesake



Prof Jan Swanepoel
Uitvoerende Dekaan:
Fakulteit Lettere en
Wysbegeerte



Prof Kobus Pienaar
Uitvoerende
Dekaan: Fakulteit
Natuurwetenskappe



Prof Francois Viljoen
Waarnemende
Uitvoerende Dekaan:
Fakulteit Teologie



Prof Robert Balfour
Uitvoerende
Dekaan: Fakulteit
Opvoedingswetenskappe



Prof Nicola Smit
Uitvoerende Dekaan:
Fakulteit Regte



Prof Susan Visser
Uitvoerende Dekaan:
Fakulteit Ekonomiese en
Bestuurswetenskappe



Prof LJ Grobler
Uitvoerende Dekaan:
Fakulteit Ingenieurswese



Prof Awie Kotze
Uitvoerende
Dekaan: Fakulteit
Gesondheidswetenskappe

bestuurspan: vaaldriehoekcampus



Vakant
Rektor



Prof Linda du Plessis
Viserektor: Akademie,
Kwaliteit en Beplanning



Prof Tinie Theron
Uitvoerende Dekaan: Fakulteit
Geesteswetenskappe



Prof Herman van der Merwe
Uitvoerende Dekaan: Fakulteit
Ekonomiese Wetenskappe en
Inligtingstegnologie



Me Elbie Steyn
Kampusregistrator



Mnr Herman Steyn
Direkteur: Finansies
en Fasiliteite



Mnr Warren Makgowe
Direkteur: Bemaking en
Kommunikasie



Me Prem Coopoo
Studentedekaan

ons akademiese programme


Die NWU bied meer as 'n opvoeding: ons bied aan mense 'n plek in die wêreld.

Ons akademiese programme bied aan studente 'n groot keuse, en buigsaamheid, en stel hulle in staat om hul volle potensiaal te verwesenlik en om hul loopbane te begin ontwikkel.

telkaart: onderrig-leer


studente ingeskryf

2004 40 145  2014 63 135

= 54,7% groei 


kwalifikasies toegeken

2004 9 657  2014 15 254

= 57,9% groei 

PhD's toegeken

2004 87  2014 171

= 96,5% groei 

voorgaadse slaagsyfer

2004 75,20%  2014 86,16%

	2010	2011	2012	2013	2014
Voorgraadse slaagsyfer	83,5%	85,2%	88,2%	85,1%	86,1%
Graadverwerwingskoers	27%	27%	25%	25%	24,1%
Grade en diplomas toegeken	15 083	15 904	14 669	15 464	15 254
Meestersgrade toegeken	633	639	670	781	746
PhD's toegeken	129	115	154	168	171

uitsonderlike programme

Ons bied verskeie programme aan wat nie by baie ander Suid-Afrikaanse universiteite te vinde is nie. Hier is 'n paar voorbeelde:


- ▶ 'n BscAgric-program (Dieregesondheid) erken vir registrasie deur die Suid-Afrikaanse Veeartsenykundige Raad
- ▶ Baccalaureus in inheemse kennisstelsels-program – die eerste Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid (SAKO)-geakkrediteerde multidissiplinêre program in hierdie vakgebied
- ▶ 'n Vervoereconomie en Logistieke Bestuur-program

- ▶ Magister in ingenieurswese in kerningenieurswese
- ▶ Baccalaureus in gesondheidswetenskappe in beroepshigiëne
- ▶ Magister in gesondheidswetenskappe in transdissiplinêre gesondheidsbevordering en in gerontologie
- ▶ LLM-grade in invoer- en uitvoerreg, boedelreg, vergelykende kinderreg, en in omgewingsreg en korporatiewe bestuur
- ▶ BSc Honneurs in omgewingswetenskappe met spesialisering in afvalbestuur (die enigste nagraadse graad van sy soort in Suid-Afrika)
- ▶ Meesters- en doktorsgraad in bestuur in die kurrikulum Ramprisikobestuur
- ▶ BCom in ekonomiese wetenskappe met landbou-ekonomie en risikobestuur
- ▶ Meestersprogram in gevorderde besigheidsanalise wat parallel loop met die Kwantitatiewe Risikobestuursprogram
- ▶ BCom en nagraadse studies in forensiese rekeningkunde

- ▶ Magister Artium in positiewe sielkunde (Vaaldriehoekcampus en Potchefstroomcampus)
- ▶ Meestersgraad in bankwese en finansiële risikobestuur
- ▶ Meestersgraad in mensehulpbronbestuur

 Mafikengkampus

 Potchefstroomcampus

 Vaaldriehoekcampus

Die Potchefstroom Besigheidskool is een van slegs twee besigheidskole in Suid-Afrika wat die MBA-program in beide Afrikaans en Engels aanbied en wat deur die Vereniging van MBA's (AMBA) geakkrediteer is.

entrepreneuriese leer

- ▶ Akademiese programme in entrepreneurskap is ingesluit in die BCom-graad in entrepreneurskap en sakebestuur en in die MBA-kwalifikasies.
- ▶ 'n Module in probleemoplossing vir besigheid maak deel uit van die kurrikulum van alle studente wat ingeskrif is vir BCom

Entrepreneurskap en Sakebestuur, BSc Verbruikerswetenskappe en BSc IT.

- ▶ Die bhive Ondernemingsontwikkelingsentrum op die Vaaldriehoek kampus het 'n kort leerprogram, die Ondernemende Vroue-program, om vroulike entrepreneurs te help om hul doelwitte te bereik en hul sakedrome waar te maak.

oop afstandsl eerprogramme

Ons het een van die grootste afstandsl eereenhede in Suid-Afrika, wat tans afstandsl eerprogramme aan 33 000 studente bied. Hierdie groep bestaan hoofsaaklik uit opvoedingswetenskappe-, maar ook verpleegkunde-, teologie- en polisiëringstudente.

Hierdie eenheid spog met bykans 62 fasiliterings- en 120 eksamensentrums.

Hierdie sentrums is regdeur Suid-Afrika versprei, terwyl sommige in lande van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap geleë is.



tolkdienste

Volgens die NWU se beleid van funksionele meertaligheid bied ons opvoedkundige tolkdienste aan studente. Die hoofdiens word op die Potchefstroomkampus gelewer, waar sowat 30% van alle modules getolk word.

Die grootste rede vir die tolking op dié hoofsaaklik Afrikaanssprekende kampus is om toegang vir nie-Afrikaanssprekendes in 'n wye verskeidenheid studierigtings moontlik te maak (met tolking van Afrikaans na Engels). Ons maak dit ook moontlik vir dosente wat nie oor die nodige Afrikaanse taalvaardigheid

beskik nie, om in Engels klas te gee (met tolking na Afrikaans).

Tolkdienste van Engels na Setswana word ook in sekere modules op die Mafikengkampus gelewer, en hierdie diens is in 2015 uitgebrei.

'n Loodsprojek met die oog op die langtermyn-herinstelling van tolkdienste op die Vaaldriehoekskampus (aanvanklik van Engels na Afrikaans) is in 2015 onderneem, en tolking van die eerste modules sal vanaf 2016 ingefaseer word.

bevordering van akademiese sukses

Die NWU bied verskeie programme aan om studente akademies te ondersteun:

- ▶ **Akademiese geletterheidsmodules:** Alle eerstejaarstudente doen akademiese geletterheids- en vaardigheidstoetse om te bepaal of hulle sal baat by die addisionele akademiese geletterheidsmodules wat die NWU aanbied.
- ▶ **Ander akademiese ondersteuning** sluit in ewekniementorskap, studiekele, leeslaboratoriums en skryfsentrums.
- ▶ **Aanvullende Onderrig (AO)** is 'n internasionaal erkende akademiese ondersteuningstelsel vir studente. AO verskaf ekstra groepstudiesessies in die moeilike modules. Senior studente wat die betrokke modules reeds suksesvol voltooi het, fasiliteer dié sessies.
- ▶ Die **universiteit-voorbereidingsprogram (UnivPrep)** is 'n oorbruggingsprogram vir studente wat andersins nie vir universiteitstoelating sou kwalifiseer nie.
- ▶ **Opknappingsprogramme in wiskunde** word aangebied vir eerstejaarstudente wat vir programme geregistreer is wat modules in wiskunde insluit.
- ▶ Verskeie **uitgebreide programme** maak dit vir studente moontlik om hul studies met verloop van tyd te voltooi.




kritieke vaardighede vir die land

Die universiteit fokus op die ontwikkeling van skaars en strategiese vaardighede:



Onderwysers

Die NWU het die grootste oop afstandsonderrig-onderrig-eenheid in die land. In 2014 het ons 7 371 onderwyskwalifikasies toegeken, die meerderheid aan onderwysers wat hul kwalifikasies wou verbeter.



Rekenmeesters

Om werk te maak van die tekort aan rekenmeesters in Suid-Afrika bied ons vier professionele rekeningkundegrade aan: Forensiese Rekeningkunde, Geotrooieerde Rekeningkunde, Bestuursrekeningkunde en Finansiële Rekeningkunde. Ons is die enigste universiteit in Suid-Afrika wat al vier spesialiseringe in rekeningkunde voorgraads aanbied.



Vaardighede in wiskunde

Uitgebreide graadprogramme in die BCom-, CA- en BSc IT-rigtings teiken studente wat net wiskundige geletterdheid of 'n laer as vereiste punt in wiskunde het.

Die "Bridging the Mathematical Gap"-program help Graad 12-leerders om hul finale uitslae in wiskunde te verbeter.

ons sentrums

Die **Sentrum vir Toegepaste Stralingswetenskap en -tegnologie (STSWT)** bou kapasiteit vir die kernnywerheid in Suid-Afrika.

Die **Sentrum vir Farmaseutiese en Biomediese Dienste** bestuur alle farmaseutiese en biomediese kommersiële dienste.

Die **DWT HySA Infrastructure-bevoegdheid-sentrum** fokus op waterstofproduksie, -opberging, -retikulering en veiligheidskodes en standaarde.

Die **Sentrum vir Tekstegnologie (CTexT®)** doen navorsing oor mensetaal tegnologie

en ontwikkel taaltegnologieprodukte soos speltoetsers en masjienvertalingshulpbronne vir Suid-Afrikaanse tale.

Die **Sentrum van Uitnemendheid in Gevorderde Vervaardiging** is 'n baanbreker in ekstrusie, wat gebruik word vir die vervaardiging van produkte in die voedsel-, voer-, plastiek-, poeierverf- en samestellingsbedryf.

Navorsers van die **DWT/NWU Prekliniese Geneesmiddelontwikkelingsplatform en die Sentrum van Uitnemendheid vir Farmaseutiese Wetenskappe** het 'n unieke geneesmiddelafleweringstechnologie, bekend as Pheroid™, ontwikkel om siektes soos malaria meer doeltreffend te behandel, en vir die aflewering van groot geneesmiddelmolekules oor die vel.

Die **Wêreldgesondheidsorganisasie se Samewerkingsentrum vir die Kwaliteitsversekering van Medisynes (CENQAM®)** is betrokke by kwaliteitsversekering en -beheer van medisynes vir regulatoriese en nieregulatoriese organisasies in Suid-Afrika en die buiteland.

Die **SA Instituut vir Ernstige Speletjies (SGI-SA)** gebruik spesiale simulatiespeletjies om mense op te lei in vakgebiede soos sosio-ekonomie, streeksbeplanning en risikoversekering.

Die **Sentrum vir Voortgesette Professionele Ontwikkeling (SVPO)** bied kortkursusse en werkswinkels in verskeie vakgebiede aan, soos projekbestuur, arbeidsverhoudinge, en bestuurs- en rekenaarvaardighede.

Die **bHive Ondernemingsontwikkelingsentrum** bemagtig studente en gemeenskapslede om entrepreneurs te word en om geleenthede in die mark te benut. Dit huisves ook entrepreneuriese studentegroepes soos Coachlab at Vaal, die Young Entrepreneur Business Organisation (YEBO) en Enactus.

Die **Sentrum vir Toegepaste Risikobestuur (ETRB)** voorsien in die behoefte aan nagraadse risikobestuursopvoeding en toegepaste risikonavorsing.

Die **Sentrum vir Vertaling en Professionele Taaldienste (CTrans)** lewer dienste aan plaaslike en internasionale kliënte in al 11 Suid-Afrikaanse tale, sowel as in enkele Europese tale.

ons bydrae tot die bekamping van MIV/Vigs

Die MIV/Vigs-pandemie het 'n groot impak op Suid-Afrika, en die bekamping van MIV/Vigs is vir die universiteit 'n prioriteit.

MIV/Vigs-dienste is op alle kampusse beskikbaar en die kampusgesondheidsklinieke verskaf vrywillige berading en toetsing aan personeel en studente.

Studente is aktief betrokke by MIV/Vigs-bewusmaking op die kampusse en onder gemeenskappe. Hulle hou voorligingswerkswinkels en reël geleenthede soos antidiskriminasie-optogte, kersweke en kondoomweke.

In 2014 het die NWU se MIV/Vigs-program R400 000 van HEAIDS ontvang en dit het die program 'n groot hupstoot gegee.


ons studente

Die NWU is 'n plek waar studente nie net akademiese uitnemendheid bereik nie, maar ook vrye teuels gee aan hul verbeeldings, hul drome visualiseer en die saadjie plant vir sukses op alle terreine van die lewe. Die kampuslewe is gemik op holistiese groei en ontwikkeling, soos duidelik blyk uit die wye verskeidenheid kulturele, sport-, voorligtings- en welstandsaktiwiteite waaraan studente aangemoedig word om deel te neem.

studenteprofiel

Diversiteit is belangrikste eienskap van die NWU se studenteprofiel. Dit gee aan ons studente 'n mededingende voordeel, want hulle put krag uit hul diversiteit en verbeter hul vermoë om te kommunikeer en met mekaar saam te leef.


In 2015 het die NWU se studenteprofiel so gelyk:




	2011	2012	2013	2014	2015
Totale studente-inskrywings	56 641	58 752	60 975	63 135	73 870
▶ Kontak	31 663	34 389	36 195	37 193	38 274
▶ Afstand	24 978	24 363	24 780	25 942	35 596

* Syfers vir 2015 is nie finaal nie

rassesamestelling van kontakstudente in 2015



geslagsamestelling van kontakstudente in 2015



voorgaads vs nagraads

Verreweg die meeste studente is voorgaads, met 56 380 wat in 2015 vir baccalaureusgrade of diplomas studeer. Die NWU het egter ook 'n aansienlike getal nagraadse studente:

meesters-
graad-
studente

▶ 2 956

doktors-
graad-
studente


▶ 1 361

studiemoontlikhede

Hier is sommige van die studiekeuses van studente in 2015:

Hoofstudierigting	Kontak	Afstand	Totaal (%)
Wetenskap, ingenieurswese, tegnologie	11 578,75	564,17	16,7%
Sake/bestuur	10 454,08	20,00	14,4%
Onderwys	5 049,83	31 487,92	50,2%
Ander geesteswetenskappe	10 030,33	2 861,92	17,7%

* Syfers vir 2015 is nie finaal nie



studente-ondersteuning

Ons bied die volgende om ons studente te ondersteun en te ontwikkel:

- ▶ finansiële steun (beurse)
- ▶ berading, sielkundige en ontwikkelingsdienste
- ▶ gesondheidsorgsentrusms
- ▶ eenhede vir mense met gestremdhede
- ▶ maatskaplike werkers
- ▶ projekte wat gereelde, gebalanseerde maaltye aan behoeftige studente voorsien
- ▶ 'n Loopbaansentrum wat studente in staat stel om met potensiële werkgewers te netwerk en hul CV-skryf- en onderhoudvaardighede te verbeter.

studentefasiliteite en infrastruktuur



Die volgende studentefasiliteite en infrastruktuur bied die beste moontlike leer- en ekstrakurrikulêre ontwikkelingsgeleenthede:

Moderne lesinglokale, biblioteke, rekenaar-laboratoriums, navorsingslaboratoriums toegerus met eerste-klassetoerusting, studentesentrums met kafeterias en kantore vir studente-leiers, studentekoshuise en

sportfasiliteite, insluitende sportgronde en goed toegeruste gimnasiums.

Deur ons voortgaande konstruksie-, instandhoudings- en opgraderingsprogram verseker ons dat ons aan huidige en toekomstige infrastruktuurbehoefes voldoen. Die totale uitgawe aan infrastruktuur en fasiliteite regoor die NWU het in 2014 R225,25 miljoen beloop.

buitekurrikulêre ontwikkeling

Die NWU bied aan studente talle geleenthede om hul talente te ontwikkel deur aan sport, die kunste, kulturele en ander buitemuurse aktiwiteite deel te neem.

- ▶ Kultuuraktiwiteite sluit in drama, dans- en kultuurverenigings, orkeste, eerstejaarkonserte, musiekblyspele, talentkompetisies, kore, sanggroepe, kunsfeeste, uitstallings en kompetisies, en kampusradiostasies.


uitnemendheid op sportgebied

Die universiteit kan, op grond van prestasies op die sportveld, met reg daarop aanspraak maak dat dit een van die top-sportuniversiteite in Suid-Afrika is.

Die NWU spog met die volgende:



rugbyinstituut



kanoklub



sokkerinstituut



hokkie-
akademie

1

**groot
sportkodes**

- atletiek
- krieket
- hokkie
- netbal
- rugby
- sokker
- tennis

2

**kleiner sportkodes
en -aktiwiteite**

- fietsry
- karate
- sagtebal
- muurbal
- rotsklim
- tafeltennis
- mededingende skaak
- liggaamsbou
- boks
- netbal
- dans
- sewesrugby
- aërobiese oefeninge
- ju-jitsu
- muurbal
- watersport (roei en kanovaart)
- marathon
- basketbal
- "tentpegging"

ons kampioene

Verskeie NWU-sportspanne en individue het uitstaande presteer in die Universiteitsport Suid-Afrika-(USSA)kampioenskappe en die Varsitybeker.

USSA-spele 2014

Kampus	Sportkode	Eerste, tweede of derde plek
Potchefstroom	Gimnastiek	Eerste
Potchefstroom	Karate	Eerste
Potchefstroom	Tennis B-span	Eerste
Potchefstroom	Skaak (dames)	Eerste
Potchefstroom	Pluimbal	Eerste
Vaaldriehoek	Liggaamsbou	Tweede
Potchefstroom	Rotsklim	Tweede
Potchefstroom	Vrouehokkie	Tweede
Mafikeng	Boks	Derde
Potchefstroom	Rugby	Derde
Potchefstroom	Hokkie	Derde
Potchefstroom	Fietsry (mans)	Derde
Potchefstroom	Netbal	Derde

Varsitybeker 2014

Kampus	Sportkode	Eerste, tweede of derde plek
Potchefstroom	Atletiek	Tweede
Mafikeng	Sokker	Derde
Potchefstroom	Netbal	Derde

Varsitybeker 2015

Kampus	Sportkode	Eerste, tweede of derde plek
Potchefstroom	Atletiek	Gesamentlik eerste
Potchefstroom	Rugby	Tweede
Potchefstroom	Sewes	Derde

Elke jaar word baie NWU-sportmanne en -vroue vir nasionale spanne gekies.

internasionale sportprestasies

'n Aleet van die Potchefstroomkampus het 'n bronsmedalje in die 800 m gewen by die Statebondspele in Glasgow, Skotland. Potchefstroomse atlete het ook twee goue medaljes huis toe gebring vanaf die Sone 5 Junior Afrikakampioenskappe.

'n Gestremde student van die Potchefstroomkampus het Suid-Afrika verteenwoordig by die 2014 Pan-Pasifiese Para-Swemkampioenskappe. 'n Skaakspeler van die Potchefstroomkampus het Suid-Afrika in 2014 by die Statebondspele verteenwoordig.

'n Student van die Vaaldriehoekkampus is die huidige "Jet Ski Women's Runabout Stock" wêreldkampioen.

top-oefenbestemming

'n **Vierster-sportdorp** op die Potchefstroomkampus bied akkommodasie aan nasionale en internasionale sportspanne wat by die universiteit oefen.

Elite-sportmanne en -vroue maak gebruik van die topgehalte fasiliteite by die **FNB-Hoëprestasie-instituut vir Sport (HPI)**. Hierdie fasiliteite sluit in een van die bes toegeruste sportgimnasiums in Afrika


en 'n volledige reeks sportafrigtings-, geneeskunde-, navorsings-, voedings- en sportsielkundige dienste.

Die **Instituut vir Sportwetenskap en -ontwikkeling** lewer wetenskaplike ondersteuningsdienste aan nasionale en provinsiale sportfederasies, die Noordwes-Akademie vir Sport en verskeie sportkodes op ons kampusse.



ons navorsing

Navorsing aan die NWU word georganiseer volgens 'n navorsingsentiteitemodel met vier vlakke. Dit is nisareas (die intreevlakentiteit), fokusareas, eenhede, en sentrums van uitnemendheid.



Verskeie sentrums, platforms en institute word by die NWU gehuisves, hoofsaaklik op die Potchefstroomkampus. Hulle is die volgende:

- ▶ DWT/NWU Prekliniese Geneesmiddelontwikkelingsplatform
- ▶ DWT HySA Infrastruktuersentrum van Uitnemendheid in Waterstofproduksie, -opberging, -retikulering en veiligheidskodes en standaarde

- ▶ DHN-sentrum vir Gevorderde Vervaardiging
- ▶ DWT-sentrum van Uitnemendheid in Inheemse Kennisstelsels (IKS)

Die NWU het ook 'n kommersiële navorsingsentiteit:

- ▶ Sentrum vir Farmaseutiese en Biomediese Dienste

navorsingsleerstoele

Die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) het vyf navorsingsleerstoele aan die Potchefstroomkampus toegeken.

Hierdie leerstoele is in Steenkoolnavorsing, Vroeë Opsporing en Voorkoming van Kardiovaskulêre Siekte in Afrika, Kernenergie, Astrofisika en Ruimtenavorsing, en Biobrandstowwe en ander skoon alternatiewe brandstowwe.

Die kampus het ook vier ekstern befondsde navorsingsleerstoele:

Hulle is 'n ETDP/SETA-leerstool in Vroeë Kinderonderwys, 'n Nutricia-navorsingstigtingleerstool in Kliniese Voeding, 'n Eskom-leerstool in Emissiebeheer en 'n Janssen-leerstool in Verpleegkunde.

telkaart: navorsing

die totale geweege navorsingsuitseteenhede het toegeneem vanaf **798 in 2004 tot 2 160 in 2014**

= 170,6 %-toename

NNS-gegradeerde navorsers

2004 ▶ 2014
73 190

= 160,2 %-toename

postdoktorale genote

2004 ▶ 2014
9 164

= 1 722,2%-toename

	2010	2011	2012	2013	2014
Konferensieverrigtinge	43	84	50	120	116
Artikelekwivalente gepubliseer (totaal)	598	734	869	1 170	1 140
NNS-gegradeerde navorsers	117	125	140	169	190
Totale geweegde navorsingsuitset	1 318	1 483	1 793	2 180	2 160

Alle navorsingsuitsette waaroor verslag gedoen word, is soos voorgelê aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding op 15 Mei 2015.

ons navorsers

Ons akademiese personeel bestee gemiddeld 40% van hulle tyd aan navorsing, wat in ooreenstemming met ons Institusionele Plan is.

Teen die einde van 2014 het ons 190 NNS-gegradeerde navorsers gehad.

Navorsers met
A-graderings

3

Navorsers met
B-graderings

17

Navorsers met
C-graderings

134

Navorsers met
P-graderings

2

Navorsers met
L-graderings

1

Navorsers met
Y-graderings

33

bou van navorsingskapasiteit

Om meer akademiese personeel aan te moedig om aansoek te doen vir gradering en om hul navorsingsuitset te verbeter, verskaf die NWU opleiding oor die skryf van opsommings en konferensiereferate, die skryf van artikels, en beste praktyk met die opstel van navorsingsvraelyste.



nagraadse werwing

Ons verbreed ook ons poel navorsingsvaardighede deur aktief meer meesters- en doktorsgraadstudente te werf. In 2014 was ongeveer 2 919 studente vir meesters- en 1 341 vir doktorale studie geregistreer.



2 919

geregistreer vir
meestersgrade



1 341

geregistreer vir
doktorsgrade

ons fokus op internasionalisering

Deur samewerking met ander universiteite en instansies wêreldwyd is ons aktief besig om die NWU in die globale arena te posisioneer. Die Internasionale Kantoor koördineer en fasiliteer ons internasionalisierungsaktiwiteite, soos uitruilprogramme vir studente en personeel, en samewerking in akademiese, navorsings-, kulturele en sportaangeleenthede.

Die NWU se groeiende internasionale profiel lok meer en meer internasionale studente. In 2014 het ons 3 678 studente uit 64 lande gehad, insluitend 343 doktorale kandidate.

nasionale en internasionale samewerking

Die NWU het samewerkingsooreenkomste met verskeie universiteite en ander entiteite in Suid-Afrika en in die buiteland. Dit sluit die volgende in:

<p>buitelandse universiteite</p>	<p>Hokkaido Universiteit, Japan Vrije Universiteit, Amsterdam Katholieke Universiteit Leuven, België Universiteit van Glasgow, Skotland</p>	<p>Potsdam Universiteit, Duitsland Nuffic, die Nederlandse Vereniging van Universiteite Uppsala Universiteit, Swede, Universiteit van Antwerpen, België</p>
<p>internasionale liggame</p>	<p>Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie (Unesco) Europese Unie G20-jeugforum Europese Wetenskaplike Instituut</p>	<p>Wêreldhandelsorganisasie Wêreldgesondheidsorganisasie Wêreldbank Vereniging vir Energie-ingenieurs (internasionale liggaam)</p>
<p>nasionale liggame</p>	<p>Die Nasionale Navorsingstigting se Astronomie-adviesraad Die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad</p>	<p>Academy of Sciences of South Africa (ASSAF) Nasionale Unie van Mynwerkers (NUM) Suid-Afrikaanse Sentrum van Uitnemendheid vir Kernonderrig, -wetenskap en -tegnologie</p>
<p>bedryf</p>	<p>MINTEK Rand Water Rheinmetall Denel Munition</p>	<p>Eskom Sasol ArcelorMittal</p>

Provinsiale regerings, insluitend Noordwes, Gauteng en die Vrystaat
 Nasionale departemente, insluitend die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding en die Departement van Energie
 Plaaslike gemeenskappe, insluitend Bakgatla-Ba-Kgafela en die Koninklike Bafokeng
 Plaaslike munisipaliteite, insluitend die Tlokwe Munisipaliteit

ons innovasie



THRIP-inkomste: In 2014 het ons 'n totaal van **R40 125 914** in THRIP-befondsing ontvang, wat een van die grootste bedrae van alle universiteite in Suid-Afrika was. Dit dui daarop dat ons volhoubare samewerking met die privaat sektor en die openbare sektor nastreef.

Inkomste deur innovasie: Patente en inkomste uit produkke op markte genereer ongeveer R3 miljoen per jaar. Van die 53 RSA-gepatenteerde uitvindings in ons Intellektuele Eiendomsportefeulje is 21 in verskeie ander lande geregistreer ('n totaal van 47 verskillende lande).

Newemaatskappye: Die NWU stig innoverende klein en mediumgrootte newemaatskappye as deel van ons kommersialiseringsstrategie, en ons het aandeel in sommige van hierdie maatskappye.

Ons het tans 18 newemaatskappye, waarvan 10 aktief is.

ons gemeenskapsbetrokkenheid

Die deel van ons kundigheid is vervleg met ons kernbesigheid en sluit gemeenskapsbetrokkenheid in.

Sommige van hierdie aktiwiteite genereer derdegeldstroominkomste, soos wanneer ons kortkursusse aanbied, konsultasie- of ander dienste aanbied, en tegnologieoordrag moontlik maak.

Ons gemeenskapsbetrokkenheidsaktiwiteite het dikwels geen winsoogmerk nie. Hierdie aktiwiteite word deur personeel en studente uitgevoer om die gemeenskap op te hef, te betrek en te ontwikkel deur ontwikkelingsbetrokkenheid, gemeenskapsdiensprojekte, dissipline-gebaseerde uitreik en vrywilligerwerk.

gemeenskapsbetrokkenheidsprojekte

Om gemeenskap op te hef, te ontwikkel en te betrek:

- ▶ bou ons huise en skep ons werk vir die pleegouers wat omsien na weeskinders wat deur MIV/Vigs geaffekteer is
- ▶ lei ons plattelandse vroue op om verskeie produkte te vervaardig wat in Suid-Afrika verkoop word of uitgevoer word
- ▶ verskaf ons voorskoolse en naskoolse ontspanningsgeriewe vir weeskinders
- ▶ verskaf ons opleiding aan versorgers in opvoedkundige tegnieke, en verleen ons bystand met die formalisering en ontwikkeling van informele dagsorgsentrusse
- ▶ deel ons kundigheid op gemeenskapsradiostasies, byvoorbeeld oor regskwessies

- ▶ leer ons plaasvroue oor gesonde voeding en help ons hulle om inkomste te genereer uit naaldwerk en deur glasvoorwerpe te maak
- ▶ verskaf ons gratis regsdiens aan mense wat nie regsadvies kan bekostig nie
- ▶ verskaf ons primêre dieregesondheidsdienste aan mense wat nie veeartsenykundige dienste kan bekostig nie
- ▶ rus ons mans toe om hul rol in plaaslike gemeenskappe vol te staan deur ons “Father a Nation”-projek (FAN-projek)
- ▶ ondersteun ons internasionale inisiatiewe soos die veldtog teen vroue- en kindermishandeling, en nasionale veldtogte, soos dié wat georganiseer word deur die Kankervereniging van Suid-Afrika (KANSA)
- ▶ lei ons lede van NRO’s op om hul projekte op ’n volhoubare en winsgewende wyse te bestuur
- ▶ onderneem ingenieurswesestudente projekte om plaaslike gemeenskappe se lewensgehalte te verbeter, byvoorbeeld deur die ontwerp van isolasiepanele vir informele behuising.

vennootskappe met skole

- ▶ Die Ikateleng-projek is gemik op die voorbereiding van belowende graad 12-leerders vir hul matriekeksamen en die uitdagings van die universiteitslewe.
- ▶ Ons Skole as Denkende Gemeenskappe-projek help onderwysers met denkvaardighede en -strategieë.
- ▶ Die “Bridging the Mathematical Gap”-program help graad 12-leerders om hul prestasie in wiskunde te verbeter.
- ▶ Ons bied ’n winterskool aan waar personeel en studente aanvullende onderrig aanbied. Dit sluit in opleiding vir onderwysers, kantoorgebaseerde personeel en onderwysleiers.
- ▶ Ons het projekte wat ontwerp is om die gereedheid te verbeter van studente wat ingeskryf is vir wetenskap-, ingenieurswese- en tegnologiestudies aan universiteite.
- ▶ Ons help vroeëkinderopvoedingspraktisyns om hul sentrums meer doeltreffend te bedryf en om hoëgehalteonderwys aan preprimêre kinders te verskaf.
- ▶ Ons leer talentvolle jong musici om musiek te lees en instrumente te bespeel.
- ▶ Ons voorsien tolkdienste in twee skole, wat meertalige leer moontlik maak.
- ▶ Ons lei onderwysers op om sokkerafrigters, skeidsregters en bestuurders te word.
- ▶ Ons neem sportspanne aan om hul prestasie te verbeter en om hulle bewus te maak van tersiêre onderwysgeleenthede.
- ▶ Ons organiseer vasvrakompetisies oor astronomie vir graad 7-leerders om belangstelling in wetenskap aan te wakker.
- ▶ Ons bied ’n wetenskapsweek vir graad 4- tot 12-leerders aan.
- ▶ Ons besoek skole om hulle te help met natuurwetenskap-eksperimente en skenk MyLab-stelle om chemiese eksperimente vir leerders te demonstreer.
- ▶ Ons organiseer lewensvaardigheidsgroepe by sekere skole (en ook in die breër gemeenskap).
- ▶ Ons help om nuwe biblioteke by skole tot stand te bring, of help bestaande biblioteke om uit te brei.
- ▶ Ons het die tegnologie verskaf om gesuiwerde water vir ’n dorpie en skool te verseker.

betrek studente

Ons leer ons studente dat dit belangrik is om deur vrywilligerdiens tot die samelewing by te dra:

Die geld wat tydens die jaarlikse Jool en ander projekte ingevorder word, word versprei onder gemeenskapsgebaseerde liefdadigheidsorganisasies of onder die NWU se akademiese personeel wat by gemeenskapsprojekte betrokke is.

Die Potchefstroomkampus is sedert 2006 die grootste geregistreerde studentewelsynorganisasie ter wêreld en het in 2012 die internasionale MacJannet-prys van die Taillores Network ontvang vir hul goeie werk en globale burgerskap. In 2015 het hulle ongeveer R1,4 miljoen aan verdienstelike projekte en individue geskenk.

Die kampusse hou ook fondsinsamelingsfunksies soos gholf- en jazz-dae en fietswedrenne om te verseker dat behoeftige studente daaglik twee gebalanseerde maaltye ontvang.

Studente doen ook vrywillige gemeenskapsdiens by plaaslike kinderskole, skuilings vir haweloses, ouerhuise en die Dierebeskermingsvereniging.

ons finansies

Die NWU is 'n finansiële stabiele instelling wat 'n wins toon en 'n groeiende inkomste het.

**totale inkomste 2014
= R 3 206 miljoen**

	2009	2010	2011	2012	2013	2014
Totale inkomste	R1 827m	R2 002m	R2 318m	R2 702m	R2 973m	R3 206m
Surplus (herhalende items)	R58m	R37m	R63m	R103m	R17m	R109m
Personeelkoste/totale koste	50,7%	52,8%	52,4%	52,2%	51,5%	52,6%
Selfgegenereerde inkomste	R647m	R642m	R751m	R864m	R944m	R933m
% van inkomste vanaf regering	41,5%	44,6%	43,1%	40,8%	39,1%	39,5%
% van inkomste uit klasgeld	22,4%	23,6%	24,7%	26,5%	28,4%	31,2%
Kapitaaluitgawes op opgraderingsprojekte	R81,9m	R60,5m	R53,2m	R82,5m	R69,9m	R76,2m

YUNIBESITI YA RONA

Ka 1 Ferikgong 2004 Yunibesiti ya Bokone-Bophirima (YBB) e ne ya simolola semmuso go nna karolo ya leano le le atologileng la go fetola thuto e e kwa godimo, ka boikaelelo jwa go dirisa madi ka tshomarelo le go baakanya bothata jwa nako e e fetileng jwa go sa dirweng ga dilo ka go tshwana.

YBB ke setheo sa dikhamphase tse di farologaneng tse di dirang jaaka khamphase e le nngwe fela tse di leng mo diporofenseng tse pedi. Dikhamphase tseno ke khamphase ya Potchefstroom le ya Mafikeng kwa Bokone Bophirima le Khamphase ya Khutlotharo ya Lekwa kwa Gauteng. Ofisi ya Setheo (ofisi-kgolo) e kwa Potchefstroom gaufi thata le Khamphase ya Potchefstroom.

Mo dingwageng di le mmalwa tse di fetileng, YBB e ile ya akgolwa ke ditlamo tse di kwa ntle ka ntlha ya boeteledipele jwa yone mo ditirong tse di farologaneng.

Leinatshwao la kgwebo la Yunibesiti ya Bokone-Bophirima le na le dikarolo tse pedi, e leng letshwao la kerafo kgotsa

letshwaoina – “dikeetane” tse di gokaganang le letshwaofoko, leina la setheo – Yunibesiti ya Bokone-Bophirima.

“Dikeetane” tse tharo tse di gokaganang di tshwantshetsa kutlwano ya Yunibesiti ya Bokone-Bophirima mme mebala e meraro e tshwantshetsa dipharologano tsa methalethale tsa dikhamphase tse tharo.

Kwa Yunibesiting ya Bokone-Bophirima, go kopana ga ditalente tse di tlhomologileng, bokgoni le ditshwanelego tsa baithuti le badiri ba rona ba ditso tse di farologaneng go dira gore gantsi re nne le dikgopolo tse diša tsa go dira dilo.

Moano wa rona, Mokgwa o moša wa go dira dilo ka dipharologano, o gatelela ntlha eno.

E bontsha maikemisetso a Yunibesiti a go rata le go amogela ditso tse di farologaneng le go dirisa dipharologano tseno go gagamalela kitso le mekgwa e meša ya go dira dilo, go letla baithuti le badiri ba rona go nna se ba batlang go nna sone le go godisa moya wa rona wa mekgwa e meša ya go dira dilo.





Mafikengkampus

Tel: +27 18 389 2144

E-pos: koos.degenaar@nwu.ac.za

Potchefstroomkampus

Tel: +27 18 299 2769

E-pos: theo.cloete@nwu.ac.za

Vaaldriehoekkampus

Tel: +27 16 910 3185

E-pos: warren.makgowe@nwu.ac.za

Institusionele Kantoor

Tel: +27 18 299 4918

E-pos: louis.jacobs@nwu.ac.za

Geproduseer deur Institusionele Bevordering, NWU

Ontwerp en uitleg

SUN MeDIA MeTRO

www.africansunmedia.co.za

info@sunmediametro.co.za

Drukwerk

SUN MeDIA MeTRO

www.africansunmedia.co.za

info@sunmediametro.co.za

Fotografie

NWU-diensverskaffers en -kollegas